Idees evalueer en gevolgtrekkings maak*

Siyavula Uploaders

This work is produced by The Connexions Project and licensed under the
Creative Commons Attribution License †

1 AFRIKAANS HUISTAAL

2 Graad 9

3 Module 11

4 idees evalueer, en gevolgtrekkings maak

AKTIWITEIT 1:

Om begrip van 'n wye verskeidenheid informatiewe tekste te kan toon, deur bv.

- idees te evalueer, en
- gevolgtrekkings te maak

Om aan groepbesprekings deel te neem en belangrike kwessies rondom die omgewing te bespreek

	LU2.1						LU 2.2						LU 2.3			

Table 1

- Ek wonder hoeveel van julle al 'n walvis van naderby beskou het? Dit sal sekerlik in almal se smaak val, nè!

- Lees die bygaande berig en beantwoord die vrae wat volg.

ROEP EIEN DALK WALVISSE

Jorisna Bonthuys

1. **Walvisroepe sal eersdaags soos vingerafdrukke ingespan kan word om dié soogdiere te help uitken, hoop 'n navorser wat tans hul "stemme" bestudeer.**

*Version 1.1: May 27, 2009 11:03 am -0500

†http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

2. Dié eerste plaaslike studie van die roepe van die suidelike noorkapperwalvisse kan mense se begrip van dié reuse ingrypend verander, glo me. Leonie Hofmeyr-Juritz, 'n doktorale student aan die Universiteit van Pretoria se instituut vir soogdiernavorsing.

3. Sy het die afgelope drie jaar die roepe, trompetklanke, koeiagtige geloei en snorkery van honderde walvisse by Gansbaai en Hermanus opgeneem.

4. Dit blyk die meeste walvisspesies het hul eie repertoire van roepe. Binne die spesie is daar 'n moontlikheid van individuele verskille. Dit is egter nog nie bewys in die geval van suidelike noorkappers nie en word ondersoek.

5. Sommige walvisspesies (soos die swaard- en die boggelrugwalvis) het 'n lingua franca met streekverskille.

6. Hofmeyr-Juritz het reeds 13 verskillende klankgroepe, waaronder stygende en dalende roepe, geïdentifiseer.

7. Walvisse het 'n fyn gehoor en steun op hul vermoë om met klank te kommunikeer. Noorkappers beweeg meestal op hul eie of tydelik in klein groepies (koei-kalfgroepe). Die klanke help hulle om ander noorkappers te vind en oor lang afstande met hulle te kommunikeer.

8. Walvisklanke, waarvan sommige van só 'n lae frekwensie is dat die menslike oor dit nie kan hoor nie, kan tientalle kilometers ver onder water gehoor word. Dit afstand wat die roepe gehoor kan word, word deur die waterdiepte- en temperatuur, asook ander omringende geluide bepaal.

9. Walvisagtiges (Cetaceans) het die grootste klankreeks van enige soogdiergroep.

10. Die swaardwalvis, boggelrug-, vin- en die blouwalvis kommunikeer egter almal hoofsaaklik op verskillende frekwensies.

11. Hofmeyr-Juritz waarsku teen 'n toename in klankbesoedeling van die Suid-Afrikaanse kus.

12. Verhoogde skeeps- en vlootbedrywighede, lugverkeer, mynbou en onderwater-navorsing dra by tot klankbesoedeling wat die gedrags- en moontlik selfs die verspreidingspatroon van walvisse kan beïnvloed. In sommige gevalle het walvisse in ander wêrelddele weens navorsing met eksperimentele aktiewe sonarstelsels selfs gestrand en gevrek, vermoedelik weens erge skade aan hul gehoorstelsel.

13. Buiten fisieke skade aan sommige spesies kan klankbesoedeling noorkappers toenemend van ander walvisse isoleer omdat hulle weens buitensporig hoë klankvlakke hul vermoë om na nader se roepe te luister, inboet.

Uit: *Die Burger*, 2001

1. Wat is die ooreenkoms tussen vingerafdrukke en walvisroepe?

(3)

2. Hoe word 'n walvis se geluide beskryf? Skryf slegs vier woorde neer.

(2)

3. Vind 'n woord in paragraaf 4 wat dieselfde beteken as "lys".

(1)

4. Waarom kan 'n mens nie al die walvisklanke hoor nie?

(3)

5. Neem drie faktore wat bepaal van hoe ver af walvisse mekaar kan hoor. Jy kan net woorde / frases neerskryf.

(3)

6. Daar word navorsing gedoen met sonarstelsels en dit laat walvisse soms strand en vrek. Waaraan word dit toegeskryf?

(3)

7. Klankbesoedeling beïnvloed die walvisse op verskillende maniere. Noemenige twee dinge wat klankbesoedeling veroorsaak. 'n Volsin is nie nodig nie.

(2)

8. Vind 'n woord in paragraaf 1 wat dieselfde beteken as "binnekort".

(1)

9. Is die volgende stellings WAAR of ONWAAR. Gebruik 'n aanhaling om jou antwoord te bewys.

9.1 Leonie Hofmeyr-Juritz het reeds 'n doktorsgraad.

(2)
9.2 Walvisse kan nie baie goed hoor nie.
(2)
9.3 Walvisse beweeg omtrent altyd in klein groepies.
(2)
9.4 Daar is al heelwat studie gedoen van die roepe van die noorkapper.
(2)
9.5 Walvisse verskil van ander soogdiergroepe?
(3)

- Lees nou die volgende berig en beantwoord dan die veelkeusevrae deur slegs die korrekte antwoord te onderstreep / omkring.

GROOT GESPOOK OM WALVISSE TE RED

1. St. Helenabaai –In 'n seldsame en onverklaarbare voorval het vier Arnoux's snoetwalvisse – 'n skaars diepsee-spesie wat gewoonlik in die somer rondom Antarktika hou – gister hier aan die Weskus gestrand.

2. Hulle het voor dagbreek op die klippe in die hawe beland en is te midde van 'n groeiende skare op die kaai in 'n ure lange reddingspoging deur polisieduikers die see ingehelp.

3. Hoewel hul uiteindelike vertrek met 'n groot gejuig en krete van "Free Willy" begroet is, meen die kenner dr. Peter Best hul kanse op oorlewing is skraal.

4. Beamptes van Seevisserye het gesê die stranding het reeds om middernag gebeur. Mnr. Louis Groenewald, marienebewaringsinspekteur, het om 3.30 vm. op hulle afgekom.

5. "Hulle het in die donker op die droë klippe gelê. Al vier het kwaai snye van die gespartel opgedoen en een het sy tand uitgestamp. Hulle het geblaas en een het verskriklik geskree – nes 'n baba."

6. Polisieduikers is ontbied, maar die reuse – elk sowat 8 m lank – kon eers teen 8.30 vm. in die hoogwater die see ingehelp word.

7. Duikers het tot drie ure lank saam met die walvisse, wat rigtingloos gedryf en telkens weer na die hawe gebeur het, geswem om hulle een vir een na die oop see te stuur.

8. Donkerrooi bloedkolle het van tyd tot tyd op die water verskyn.

Sers. Piet Geldenhuys van die Polisie se seegrens-eenheid op Saldanha, wat die operasie gelei het, het gesê vissersbote wat die diere telkens die skrik op die lyf gejaag het, het sake bemoeilik.

9. Best, navorser aan die Suid-Afrikaanse Museum, het die diere se gedrag op die toneel as baie ongewoon beskryf. Volgens hom is baie min bekend oor die Arnoux's snoetwalvis (*Berardius arnouxi*) – 'n seekatvreter met 'n bottelvormige snoet en twee pare stewige voortande.

10. "Hulle word baie selde hier gesien. Hulle hou in die diepsee. Die stranding is 'n skaars en atipiese voorval – dit is slegs die vierde keer dat dit aan die Suid-Afrikaanse kus gebeur."

11. Volgens hom sal hy verbaas wees as hulle ooit die diepsee haal. Dié bloeiende soogdiere kan ook deur haaie aangeval word.

Uit: *Die Burger*, 2001

11. As dit 'n seldsame voorval is, beteken dit dat dit

A dikwels voorkom;B 'n rare voorval is;C 'n interessante verskynsel is;D 'n alledaagse verskynsel is. (1)

12. Iets wat onverklaarbaar is, kan nie

A voorkom word nie;B verhelp word nie;C verduidelik word nie;D geïllustreer word nie. (1)

13. As die walvisse se kans op oorlewing skraal is, beteken dit dat

A die walvisse beslis sal oorleef;B die walvisse se kanse om te oorleef buitengewoon goed is;C die walvisse se kanse om te oorleef redelik goed is;D die walvisse se kanse om te oorleef glad nie goed is nie. (1)

14. Die stranding van die walvisse by St. Helenabaai is veral vreemd omdat

A hulle eintlik net kom waar daar seekatte is;B hulle gewoonlik in die diepsee voorkom;C hulle nie kom waar daar haaie is nie;D die Weskus vol klippe is wat hulle kan sny. (1)

15. Die titel beteken dat

A daar spoke by St. Helenabaai is;B die walvisse baie gespartel het;C die mense baie hard gewerk het om hulle te help;D die area rondom St. Helenabaai vol vreemde verskynsels is. (1)

16. Die kreet “Free Willy”, verwys na
A ’n bekende boek;B ’n bekende rolprent;C ’n bekende akteur;D ’n bekende sportman. (1)
17. Die snoetwalvisse het snye aan hulle lywe as gevolg van
A gevegte met mekaar;B visserbote se enjinskroewe;C die gesukkel op die droë klippe;D die reddingspoging. (1)
18. ’n Snoetwalvis se stapelvoedsel is
A plankton;B seekatte;C vis;D bamboes. (1)
19. Die grootste gevaar wat die walvisse in die see sal hê, is
A haaie wat die bloed sal volg;B skok a.g.v. die reddingspoging;C versteuring van hulle gehoor;D rigtingloosheid. (1)
20. ’n Ander woord vir “kaai” in paragraaf 2 is
A vissersboot;B hawemuur;C strand;D rotse. (1)
21. As jy iemand die skrik op die lyf jaag, dan
A jaag jy hom weg;B maak jy hom bang;C jaag jy hom rond;D bekyk jy sy lyf. (1)
22. Watter een kan nie as ander woord vir “atipiese” in paragraaf 10 beskou word nie?
A SnaakseB RareC SeldsameD Algemene (1)
23. Gee ’n ande gepaste opskrif vir die artikel.
(1)

	LU 2.4						LU 3.4			

Table 2

AKTIWITEIT 2:
Om die volgende te kan gebruik:

- spelreëls
- skryftekens
- ’n woordeboek

	LU 6.1			

Table 3

- Interessante tipe vermaak is rotsklim. Lees die onderstaande leesstuk en voer die opdragte uit wat daarop volg.

Kom klouter na hartelus

Is dit jou idee om jou liggaam en (**1**. uithouvermoë, uithouvermoeë) tot die uiterste te beproef?

En terwyl jy jou volgende beweging beplan, moet jy in gedagte hou dat enige (**2**. oordeelsfout; oordeels fout) van jou kant af kan veroorsaak dat jy pens en (**3**. .....) op die vloer, 10 meter onder jou, beland.

Moenie bekommerd wees nie! Gelukkig is jy aan ’n veiligheidstou vasgebind. Welkom by CityROCK – ’n (**4**. wêreld; werêld; wéreld) vol opwinding en uitdagings. Dit is hier waar adrenalienverslaafdes en

amateur-bergklimmers hul adrenalienspiere kan kielie in (**5**. Suidafrika; Suid-Afrika; Suid Afrika) se grootste 21ste-eeuse (**6**. wat binne is) rotsklimgimnasium.

CityROCK in Kaapstad spog met 'n klimoppervlakte van 400 m2. Vra (**7**. Ma en Pa; ma en pa) om jou (**8**. onmidellik; onmiddelik; onmiddellik) soontoe te neem! Hier kry jy verskillende klimroetes wat met verskillende (**9**. klere; kleure) gemerk is vir beginners en ander ervare klimmers.

Ervare (**10**. help; hulp) is te alle tye byderhand om krisisse te voorkom en die veiligheid van die klimmers te verseker. Maar wees verseker daar is genoeg aksie om die adrenalien te laat borrel. Nog 'n bonus is die feit dat die Kaapse weer nie kan inmeng in klimmers se naweekplanne nie!

Aangepas uit: *Klein Burger*, 5 Mei 2003

1. Kies die korrekte spelling.
2. Kies die korrekte spelling.
3. Voltooi die uitdrukking.
4. Watter een is korrek?
5. Hoe word ons land gespel?
6. Verskaf een woord.
7. Met of sonder die hoofletters?
8. Kies die korrekte spelling.
9. Watter een is dit?

1. Watter een is dit?

	LU 6.1			

Table 4

AKTIWITEIT 3:

Om te kyk hoe goed jy die taaluitkomstes wat ons al geleer en geoefen het, bemeester het

	LU 6.1						LU 6.2			

Table 5

- Popmusiek en musieksterre val sekerlik in almal se smaak. En wie van julle het nog nie van die volgende popster gehoor nie?

TERTJIE MET DIE SAGTE HART

Sy maak suggestiewe bewegings op die verhoog, word afgeneem met bottels bier in die hand en het 'n naam as die koningin van gemors in die popwêreld. Maar agter die grimering en uitdagende klere is CHRISTINA AGUILERA 'n sensitiewe jong vrou wat die duiwels van haar kinderjare probeer besweer en steeds 'n senu-ineenstorting probeer verwerk.

Vriende van die 22-jarige Christina sê sy is eintlik skaam en het seergekry toe sy jonger was.

"Christina hou niks van haar beeld nie," sê iemand by haar platemaatskappy, BMG. "Die terterige beeld is aan haar opgedwing deur haar bestuurspan. Hulle reken daar is 'n mark vir iemand wat wilder as Britney is."

Christina het baie traumatiese kinderjare gehad en moes toesien hoe haar pa haar ma aanrand. Soms het van sy houe na haar kant toe gekom. "Ek is nog baie kwaad oor dinge wat gebeur het en ek kan baie aggressief oor sekere dinge raak," sê sy.

Sy spot nie. Christina laat dose vol borde en glase by haar huis aflewer en gooi dit teen mure stukkend as sy van haar frustrasies wil ontslae raak.

'n Paar maande gelede het sy 'n senu-ineenstorting gehad ná 'n uitval met haar bestuurder, Steve Kurtz, en nadat twee vriende haar in die rug gesteek het – die een het geld by haar gesteel en die ander het 'n boek oor hul vriendskap geskryf.

Die laaste strooi was 'n verhouding met 'n man wat haar glo rof behandel het.

Ná die ineenstorting moes Christina vir sielkundige behandeling gaan, maar sy het haarself reggeruk en met haar loopbaan gaan dit goed. Nou moet sy net iets doen aan die voorliefde vir drank en dagga wat sy ontwikkel het.

Uit: *Huisgenoot*, 27 Maart 2003

1. Verskaf die meervoud van

1.1 verhoog

1.2 mark

1.3 rug

1.4 loopbaan

2. Verskaf die intensiewe vorm van

2.1 skaam

2.1 kwaad

3. Verduidelik in jou eie woorde wat die volgende idiome / uitdrukkings beteken

3.1 sy is 'n tert

3.2 om iemand in die rug te steek

3.3 die laaste strooi

3.4 'n voorliefde

4. Verskaf 'n sinoniem vir

4.1 probeer die duiwels besweer.

4.2 Hulle reken daar is 'n mark.

4.3 traumatiese kinderjare

4.4 na 'n uitval met haar bestuurder.

5. Wat is die stamwoord / die oorspronklike woord van bv. bewegings: beweeg

5.1 suggestiewe

5.2 traumatiese

5.3 aggressief

6. Skryf die volgende sinne in die lydende vorm.

6.1 Sy maak suggestiewe bewegings.

6.2 Haar pa het haar ma aangerand.

6.3 Twee vriende het haar in die rug gesteek.

6.4 Sy het 'n voorliefde vir drank ontwikkel.

7. En gee nou die bedrywende vorm.

7.1 Die terterige beeld is aan haar opgedwing deur haar bestuurspan.

7.2 Sy word afgeneem met bottels bier in die hand.

8 Skryf die volgende in die indirekte rede.

8.1 Christina sê: "Ek is nog baie kwaad oor dinge wat gebeur het en ek kan baie aggressief oor sekere dinge raak."

8.2 Iemand by die platemaatskappy sê: "Christina hou niks van haar beeld nie. Dit is aan haar opgedwing."

9. Skryf die volgende in die direkte rede.

9.1 Vriende van Christina sê sy is eintlik skaam en het seergekry toe sy jonger was.

10. Wat is die ontkennende vorm van die volgende?

10.1 Het sy nog steeds 'n senu-ineenstorting?

Nee,
10.2 Is sy al ooit met drank in die hand afgeneem
Nee,
11. Maak 'n verduidelikende sin met die homofoon van
11.1 uitdagende klere
11.2 sy gooi dit teen die mure stukkend.
12. Maak 'n verduidelikende sin met die homoniem van
12.1 Sy hou niks van haar beeld nie.
12.2 Hulle reken daar is 'n mark.
12.3 Sy het 'n uitval met haar bestuurder.
12.4 Die een vriend het geld gesteel.
12.5 Die laaste strooi.
13. Verbind die volgende sinne met die voegwoord tussen hakies.
13.1 Sy het 'n rowwe beeld. Sy is eintlik baie skaam en sensitief. (alhoewel)
13.2 Sy het traumatiese kinderjare gehad. Sy het 'n aggressiewe persoonlikheid. (dus)

	LU 6.1						LU 6.2			

Table 6

5 Assessering

LU 3 LEES EN KYK
Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer
Dit word bewys as die leerder:
3.1 'n wye verskeidenheid tekssoorte lees, persoonlike reaksies vergelyk en gemotiveerde aanbevelings vir ander gee;
3.4 begrip van 'n wye verskeidenheid informatiewe tekste toon: hoofgedagtes identifiseer en opsommings maak, idees evalueer, die geldigheid van argumente beoordeel, verskillende standpunte bespreek, en tussen menings en feite onderskei;
3.5 verskillende tekssoorte bespreek en verduidelik hoe die hoofkenmerke daarvan tot die funksie van die teks bydra;
3.8 krities op tekste reageer.

Table 7

LU 6 Taalstruktuur en-Gebruik
continued on next page

Die leerder ken en is in staat om die klanke, woordeskat en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer
Dit word bewys as die leerder:
6.1 met woorde werk:
• spelreëls en –strategieë, eie spellys vir moeilike woorde, gebruik van hoofletters en skryftekens, die woordeboek en tesourus gebruik, afleiding, samestelling en alledaagse voor- en agtervoegsels gebruik om woordeskat uit te brei, woordfamilies en woorde oor dieselfde onderwerp gebruik om woordeskat uit te brei, die leen van woorde deur tale en die ontstaan van nuutskeppings verstaan, sinonieme, antonieme, homonieme, homofone, paronieme verstaan en gebruik, alledaagse afkortings en anonieme gebruik.;
6.2 met sinne werk:
• voornaamwoorde, hoofwerkwoorde, medewerkwoorde en deelwoorde, adjektiewe, bywoorde, voegwoorde, determineerders, telwoorde, tussenwerpsels, voorsetsels, grammatikale verskil tussen die funksie van sinsoorte, gebruik van sinsdele soos onderwerp, gesegde, direkte en indirekte voorwerp, bywoordelike en byvoeglike bepalings, hoofsinne en bysinne, tydsvorme, woordorde, aktiewe en passiewe vorm, verandering van sinne van direkte na indirekte rede en andersom, ontkennende vorm, punktuasie.

Table 8

6 Memorandum

AKTIWITEIT 1
1.1 uithouvermoë
1.2 oordeelsfout
1.3 pootjies
1.4 wêreld
1.5 Suid-Afrika
1.6 binnenshuise
1.7 Ma en Pa
1.8 onmiddellik
1.9 kleure
1.10 hulp

te moontlikhede ken.

AKTIWITEIT 2
1.1 verhoë
1.2 markte
1.3 rûe
1.4 loopbane
2.1 doodskaam
2.2 smoorkwaard
3.1 losbandiglosse sedes

3.2 agteraf iemand te na kom
3.3 die laaste verkeerde ding wat jou laat optree teen iets/iemand
3.4 'n passiebaie lief daarvoor
4.1 verjaag
4.2 dink / glo
4.3 verskriklike / aaklige / ongelukkige
4.4 bakleiery / onderonsie / rusie
5.1 suggestie
5.2 trauma
5.3 aggressie
6.1 Suggestiewe bewegings word (deur haar) gemaak.
6.2 Haar ma is deur haar pa aangerand.
6.3 Sy is deur twee vriende in die rug gesteek.
6.4 'n Voorliefde vir drank is (deur haar) ontwikkel.
7.1 Haar bestuur het 'n terterige beeld aan haar opgedwing.
7.2 Hulle / Fotograwe neem haar af met bottels bier in die hand.
8.1 Christina sê dat sy nog baie kwaad is oor dinge wat gebeur het en dat sy baie aggressief oor sekere dinge kan raak.
8.2 . . . sê dat Christina niks van haar beeld hou nie. Die beeld is aan haar opgedwing.
9.1 Die vriende sê: "Christina is eintlik baie skaam. Sy het seergekry toe sy jonger was."
10.1 Nee, sy het nie meer 'n senu-ineenstorting nie.
10.2 Nee, sy is nog nooit met drank in die hand afgeneem nie.
11.1 kleure van die reënboog
11.2 Die miere hou van suiker.
12.1 Die beeld is 'n kunswerk.
12.2 Reken die totaal uit!
12.3 Jy gaan uitval. Hou vas!
12.4 Die reël geld vir almal.
12.5 Die strooi(tjie) is geknak.Jy praat strooi, man.
13.1 Alhoewel sy 'n rowwe beeld het, is sy eintlik baie skaam en sensitief. Sy het 'n rowwe beeld, alhoewel sy eintlik baie skaam en sensitief is.
13.2 Sy het traumatiese kinderjare gehad; dus het sy 'n aggressiewe persoonlikheid.